# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

13/2026 (Skippertjie nr. 63) 17 April 2026

**IN HIERDIE UITGAWE**

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Langnaweke en vakansiedae
2. Die Aalwyn klerewinkel
3. Landloop
4. Netbal
5. Rugby
6. Hokkie
7. Swem
8. Rugby- en netbaluitslae
9. Personeelverjaardae
10. Skooltye vir 2026
11. Skoolfonds vir 2026

**"You can accomplish with kindness what you cannot by force."**

**Afrikaanse idioom van die week**

**In die stof byt!**

*Verloor; sneuwel.*

**2026 SKOOLKWARTALE**

**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

**Omgee:** Ons begin hierdie kwartaal met ons nuwe waarde, nl. omgee. Omgee is veel meer as net 'n mooi woord. Hier by Park glo ons dat omgee die goue draad is wat die hart van die skool aanmekaar weef. In 'n omgewing waar kinders nie net akademies groei nie, maar ook leer wie hulle as mense is, vorm deernis en hartlikheid die fondament van alles wat ons doen. Ons probeer die kinders leer dat omgee by die klein dingetjies begin. Dit is die maat wat help om boeke op te tel wat geval het of die een wat vir 'n maat sê: "Kom speel saam met ons," wanneer iemand alleen op die bankie sit of sommer net om ander vriendelik te groet. Hierdie eenvoudige gebare skep 'n gevoel van veiligheid. Wanneer 'n leerder weet dat hul maats en onderwysers vir hulle omgee, verdwyn die vrees vir foute maak. Dit skep 'n ruimte waar almal welkom voel, ongeag wie hulle is of waar hulle vandaan kom. Ouers speel ook 'n deurslaggewende rol om vir ons kinders van omgee te leer. 'n Ouer wat omgee, sien nie net negatiwiteit raak nie, maar eerder geleenthede om vir ander mense iets te beteken. Hulle merk op wanneer iemand hartseer is of ekstra aanmoediging nodig het. Hierdie deernis kweek wedersydse respek en leer kinders dat ons mekaar moet ondersteun om sukses te behaal. Uiteindelik wys ons voorbeeld van omgee by die skool vir ons kinders hoe om 'n beter gemeenskap daar te stel. Deur vandag te leer om empatie te hê en na mekaar om te sien, word ons kinders toegerus om as verantwoordelike, deernisvolle volwassenes die wêreld in te gaan. Omgee maak ons skool nie net 'n plek van leer nie, maar 'n ware tuiste vir elkeen. Ons plig as volwassenes is om die voorbeeld daarvan te wees. Mooi naweek vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Langnaweke en vakansiedae**

Neem asb. kennis van die volgende langnaweke en vakansiedae:

- Maandag, 27 April: Vryheidsdag (geen skool)
- Vrydag, 1 Mei: Werkersdag (geen skool)
- Maandag, 15 Junie: Skoolvakansiedag
- Dinsdag, 16 Junie: Jeugdag (geen skool)

**2. *Die Aalwyn* klerewinkel**

Ons is baie opgewonde oor ons splinternuwe klerewinkel. Die winkel verkoop goeie gebruikte skoolklere, asook trotse Park produkte. U kan dit gerus besoek en kyk wat daar beskikbaar is. Die winkel is Maandae tot Donderdae, 12:30 – 14:15 oop.

**3. Landloop**

Ons skool gaan voortaan ook landloop as sport aanbied. Mnr. Tiaan van den Bergh seniors) en juf. Cara Cilliers (juniors) hanteer die oefeninge en inskrywings. Leerders wat hieraan wil deelneem kan hul name vir hulle deurgee.

# Kontak ons:
Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


## VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Di, 21 Apr: Bloedskenk - Saal (12:00-15:00)
Wo, 22 Apr: Rugby en netbal v Groot-Brak
Beheerliggaamvergadering
Do, 23 Apr: Rugby en netbal: C-spanne
Wêreld Boekedag
Vr, 24 Apr: Graad R Boekedag
Rugby: o/13 streekspanoefening
Sa, 25 Apr: Rugby: SWD-proewe
Interne skaaktoernooi (juniors)




## BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**4. Netbal**

Die volgende spelers het deurgedring na die Eden/Karoo proewe:

- o/12: Charlin Kannemeyer
- o/13: Kiran Jansen

Baie geluk en sterkte met die proewe.

**5. Rugby**

Baie geluk aan die seuns wat in die Mosselbaaispan opgeneem is vir SWD-proewe:

- Ruben (Buks) Burmeister
- Avaro Potgieter
- Xavi van Aswegen
- Jesse Damons
- Cruden Briesies
- JD du Toit
- Reghardt Smit (reeds met 'n vorige rondte deurgedring)

Baie geluk ook aan mnr. Hennie Otto wat as afrigter van die span verkies is. Baie sterkte aan elke speler.

**6. Hokkie**

Die volgende spelers is in die Eden-hoëprestasie groepe ingesluit vir finale proewe vir die Eden-spanne:

- Dogters: Mia Brönn
- Seuns: Avaro Potgieter

Baie geluk en sterkte met die verdere proewe.

**7. Swem**

- Eli Marais (1ste plek) en Milané Belstead (2 x 3de plekke en 2 x 4de plekke) het baie goed gevaar tydens die Wes-Kaap Junior Interdistrikte-gala. Baie geluk!
- Ané Venter het aan die SA Junior Nasionale Kampioenskappe te Gqeberha deelgeneem en baie goed gevaar. Mooi so!

**8. Rugby- en netbaluitslae**

Uitslae van die wedstryde teen Laerskool Hartenbos was as volg:

**Netbal:** o/9A 9-6; o/9B 6-5; o/9C 7-5; o/10A 3-6; o/10B 3-8; o/10C 3-7; o/11A 2-11; o/11B 3-13; o/11C 0-18; o/11D 3-5; o/12A 4-8; o/12B 2-5; o/12C 0-10; o/13A 25-28; o/13B 7-14; o/13C 3-14.

**Rugby:** o/9A 10-25; o/9B 0-10; o/11A 0-21; o/11B 0-50; o/11C 7-52; o/13A 10-32; o/13B 0-21; o/13C 14-8.

**9. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 24 April: Vondré du Toit

**10. Skooltye vir 2026**

- Graad RRR, RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2 en 3: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4-7: 07:30 – 14:00 (Vrydae 13:15)

**11. Skoolfonds vir 2026**

Maak asb. seker dat u skoolfonds tot op datum betaal is.

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



# *Omgee is die hartklop van 'n gelukkige wêreld!*

Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts

liefde geduld ondersteunend versorg onselfsugtig hulpvaardig bemoedigend genade vriendelik

## OMGEE

> Mense sal dalk vergeet wat jy gesê het, maar hulle sal nooit vergeet hoe jy hulle laat voel het nie.
>
> ~ Maya Angelou ~

100% Parkie

**WEES WAARDE WENNERS**




# *Skenk bloed:*

## Skoolsaal, Laerskool Park

## Dinsdag, 21 April 2026

## 12:00-15:00

**BLOEDSKENKVEREISTES:**
Wees 16-75 jaar oud. Weeg 50kg+. Wees gesond.
Lei 'n seksueel-veilige leefstyl.

scan here

Chat with us on WhatsApp

www.wcbs.org.za

Western Cape Blood Service
Do something remarkable

# Laerskool Park Koorfees 2026

PARK

VOLHARD - PERSEVERE

100% Parkie

## Koop nou jou kaartjie aanlyn!

Skandeer hierdie QR-kode om jou kaartjies te koop:

DIE

# Aalwyn

LAERSKOOL PARK WINKEL

# TYE

## Maandae tot Donderdae

## 12:30 tot 14:15

# ONS VERKOOP

## Trotse Park-produkte en tweedehandse skoolklere.

044-691 1020

www.laerskoolpark.co.za

PARK

VOLHARD - PERSEVERE



## HOEKOM BRIGHT YOUNG MINDS?

- Gekwalifiseerde onderwyser met ervaring.
- Ek help nie net met wiskunde nie, maar ook selfvertroue.
- Klas is in klein groepe en verseker individuele aandag.
- Alle lesse word opgeneem en is beskikbaar om weer te kyk.



AANLYN WISKUNDEKLASSE

# BRIGHT YOUNG MINDS




## OUDERDOMME

Gr.4-9

Kontak my vir meer inligting:
Suné vd Merwe
0796913686

# BAYCO.

## GLASS AND ALUMINIUM

## NOW UNDER NEW MANAGEMENT







We're proud to introduce a new era at **BAYCO Glass and Aluminium** - with renewed focus on quality, reliability, and service you can count on.

**What you can expect:**
- Fast, reliable turnaround times
- Competitive pricing
- Precision workmanship
- Custom glass & aluminium solutions
- Professional installation teams

Whether you're working on residential, commercial or custom projects, we're ready to deliver results that meet your standards.

**Let's build something great together.**





WWW.BAYCO.CO.ZA

082 446 5834    sales@bayco.co.za

topshell

BOOK NOW
076 770 4500



# CONTAINER RENTALS
*George and Mossel Bay*

## OUR RANGE OF HIGH-QUALITY CONTAINER RENTALS:



CONTAINER STORES



UNINSULATED OFFICES



INSULATED OFFICES



8-BED SLEEPER UNITS



HALF ABLUTION



SECURITY HUTS

## CONTACT US NOW FOR OBLIGATION-FREE QUOTE!

### SOUTHERN CAPE LOCATIONS

16 Bally Crescent, Voorbaai, **Mossel Bay**
11 Ivory Street, Tamsui Industria, **George**

### EMAIL US

werner@topshell.co.za
rental@topshell.co.za

### CALL US

071 112 3781
076 770 4500

www.topshell.co.za


Randa Sport
083 390 8000
fb Randa Cycle and Run
Mossel Bay
Jou Hokkie Vennoot!
*Hokkie stokke
*Gloves
*Grips
*Shinguards
*Balls
*Keyrings
*Bags
GRYPHON
15 %
Afslag
vir alle
Parkies !!
UNDER ARMOUR
BROOKS
Marsh Straat 43
( langs OK Minimark)


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK
NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar